3. Gemeenskapsdiens

Getuienis- en ekumene-diensgroep

Ons wil graag sien dat ons gemeente as geheel besef dat ons gemeente deel van God se sending na die wêreld is om die wêreld deur geloof, hoop en liefde 'n beter plek vir almal te maak.

Ons verstaan dat alles wat ons doen 'n sending-dimensie het al sou dit nie 'n sending-intensie hê nie.

Ons fokus eerder op minder projekte waarby ons lidmate betrokke is/kan wees as op talle kleiner sake waarvoor ons net geld moet gee.

Ons wil soveel moontlik lidmate betrokke maak by projekte en poog om elke lidmaat te bemagtig sodat waar sy/hy is elkeen 'n getuie van die bevrydende Evangelie van Christus kan wees.

Ons wil graag by ontwikkeling en bemagtiging betrokke raak - eerder mense help om self vis te kan vang as om vir hulle visse te gee.

Ons wil ter wille van die geloofwaardigheid van die Evangelie meewerk aan geregtigheid, versoening en eenheid van die kerk.

Fokusgebiede:

– Bediening aan Afrikataal-sprekendes –
Ons ondersteun en sorg dat 'n diens in Afrikatale op ons gemeenteterrein op Sondae gehou word. Ons poog om hierdie diens uit te brei na waar daar behoeftes kan bestaan, byvoorbeeld lees- en skryfklasse.

– Ondersteuning van die VGK Kgapane –
Tradisioneel is ons aan die gemeente by Duiwelskloof verbind. Ons sal dié verbintenis nie opgee sonder om 'n plaasvervangergemeente te vind nie. Ons wil graag meer gereeld kontak bewerkstellig maar dit is prakties moeilik.

– Bronberg-ontwikkelingsprojek –
Ons het lidmate wat reeds hierby betrokke is en daarom is dit vir ons 'n geleentheid om hierdie projek in Tiegerpoort te ondersteun. Daar word weekliks 'n erediensie gehou en lees- en skryfklasse word aangebied. Teologiese student Percy Molahe neem weekliks 'n taxi soontoe om daar te help.

– Jesaja 55 –
Jesaja 55 is 'n sendingprojek in die Oekraïne waar 'n gemeentedogter en haar man ('n NG leraar) die leiding neem. Ons is, as hul tuisgemeente, op 'n klein skaal betrokke soos ook ander NG gemeentes.

– Ekumeniese gesprek –
'n Tussen-gemeentelike gesprek met Melodi ya Tshwane het in 2008 afgeskop en ons sal graag daarmee wil voortgaan. Dit gaan ook gepaard met 'n middestaduitreiking deur ons Barmhartigheidsdiens.

Kontakpersone:
Alphia Schutte (083 984 5098), Hans Karemaker (082 565 0158), Louis Marais (083 703 2382), Jaap van Proosdij (083 399 9553)

Barmhartigheid

Ons is in vele opsigte deel van 'n bevoorregte gemeenskap en wil uit dankbaarheid saam met ander gemeentes betrokke raak by hulpverlening, begeleiding en opheffing van mense wat swaarkry.

Fokusgebiede:

– Tehuise vir bejaardes waaronder dié binne ons gemeentegrense: 'n NG Kerk tehuis *Huis Piek* en *Princess Christian* tehuis.

– Tehuise vir kinders (*Abraham Kriel* en *Louis Botha*) en swanger dogters (*Berg-en-Dal*)

– Christelike Maatskaplike Raad, veral middestad

– Alimentasie

Kontakpersone: Elma Gildenhuys (082 490 3967), Leonie Matthysen (083 417 8589), Julanda Meyer (083 703 5756).